

MENLO-KULTUURGIDS: 2022

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | MENLO-KOOR | 3 |
| 2. | JUNIOR KOOR | 5 |
| 3. | KUNS | 6 |
| 4. | ORKES EN ENSEMBLE | 8 |
| 5. | REDENAARS | 10 |
| 6. | DEBAT | 12 |
| 7. | EGGO | 13 |
| 8. | REVUE | 14 |
| 9. | MUSIEKDEPARTEMENT | 16 |
| 10. | MENLO-MUSIEK-AKADEMIE | 18 |
| 11. | BLOU TEATER: DRAMA EN TONEEL | 20 |
| 12. | BLOU TEATER: DANS | 22 |

## ORGANISEERDER

Me. Jeanmari van Papendorp
082 781 7203
jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies vind in die derde kwartaal plaas – hou die Menlo-Insig vir meer besonderhede dop. Voornemende Parkies in graad 7 sal per e-pos van oudisietye in kennis gestel word.

## OEFENTYE

- Maandae 18:00 – 19:30
- Donderdae 18:00 – 20:00
- Inligting oor spesiale oefeninge voor optredes sal vroegtydig aan koorlede gekommunikeer word.

## VERVOER

- Die koor maak van busvervoer na en van optredes gebruik.
- Koorlede sal in kennis gestel word indien eie vervoer benodig word.
- Busgeld vir optredes buite Pretoria: inligting word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.

## KLEREDRAG

| Dogters | Seuns |
|---|---|
| • Eie skoene (swart *pumps*).<br>• Koordrag word teen R150,00 per jaar by die skool gehuur.<br>• Koordrag:<br>  ○ Swart romp<br>  ○ Swart bloes<br>  ○ Bykomstighede | • Swart broek (koorlid se eie)<br>• Swart hemp (koorlid se eie)<br>• Swart gordel (koorlid se eie)<br>• Swart skoolskoene (koorlid se eie)<br>• Menlo-koordas word teen R100,00 per jaar by die skool gehuur. |

## KAMP

Die koorkamp vind die naweek voordat die skool in Januarie begin, plaas. Dit is *absolut* noodsaaklik dat alle koorlede die kamp bywoon.

## KOMPETISIES EN OPTREDES

- Optredes by Menlo se akademiese toekenningsaande
- Menlo-soiree
- Tres Scholarum in samewerking met Hoërskool Waterkloof en Hoërskool Garsfontein
- Kerkoptredes
- Pretoria Eisteddfod
- UP Camerata Koorfees
- ATKV-Applous
- Koorafsluitingskonsert
- Menlo-Kerssangdiens
- World Choir Games of Interkultur (internasionaal geakkrediteerde koorkompetisie)

## OUERBETROKKENHEID

Die koor se ouerkomitee bestaan uit die voorsitter en een ouerverteenwoordiger per graad.



# JUNIOR KOOR

## ORGANISEERDER

Mnr. Lourens de Jager
083 702 8076
lourens.dejager@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies vind in die derde kwartaal plaas – hou die Menlo-Insig vir meer besonderhede dop. Voornemende Parkies in graad 7 sal per e-pos van oudisietye in kennis gestel word.

## OEFENTYE

- Woensdae van 18:00 – 19:30.
- Inligting oor spesiale oefeninge voor optredes sal vroegtydig aan koorlede gekommunikeer word.

## VERVOER

- Busvervoer na optredes. Eie vervoer na afloop van optredes.
- Busgeld vir optredes buite Pretoria: leerders ontvang inligting vroegtydig.

## KLEREDRAG

- Menlo-uitgaandrag.

## KAMP

Die koorkamp vind in Januarie plaas. Dit is *absolut* noodsaaklik dat alle koorlede die kamp bywoon.

## KOMPETISIES EN OPTREDES

- Pretoria Eisteddfod
- ATKV
- Tshwane Kunstefees

## OUERBETROKKENHEID

Ouers kan by die verversingskomitee of die kleredragkomitee inskakel. ’n Ouervergadering vind jaarliks in Januarie plaas waartydens meer besonderhede verstrek word.

# KUNS

## ORGANISEERDERS

Me. Mariana de Klerk
083 595 8825
mariana.deklerk@menlopark.co.za

Me. Ilze van Niekerk
074 161 2268
ilze.vanniekerk@menlopark.co.za

## KUNS OP MENLO-BODEM

- Kuns word as deel van Skeppende Kuns vir alle gr. 8's en 9's aangebied.
- Visuele Kuns is een van die keusevakke vir gr. 10-, gr. 11- en gr. 12-leerders.

## KOSTES

| Gr. 8 en 9 | Gr. 10, 11 & 12 |
|---|---|
| • Geen kostes nie.<br>• Leerders verskaf hulle eie kunsmateriaal vir elke projek. | • R250,00 vir PAT-portefeulje (A3).<br>• Leerders gebruik hulle eie kunsmateriaal vir projekte en praktiese werk.<br>• Beperkte, algemene kunsmateriaal is in die klas beskikbaar. |

## VERVOER

- Leerders maak van eie vervoer na en van kunsuitstallings gebruik.

## KLEREDRAG

Leerders is welkom om tydens praktiese periodes 'n oorjas of voorskoot as beskermende kleredrag oor hulle skooldrag te dra.

## KOMPETISIES EN OPTREDES

- Tres Scholarum in samewerking met Hoërskool Waterkloof en Hoërskool Garsfontein
- Tshwane Kunstefees (virtueel)
- Design an Ad
- Optog Nasionale Kunskompetisie van Die Atterbury Teater (Julie)
- Pretoria Eistedfodd (virtueel)
- Tuks se skolekunskompetisie
- AfriForum se skolekunskompetisie
- Brooklyn Kinderkunsfees (September/Oktober)

Kunsleerders word deur die skool vir kompetisies ingeskryf. Hou die Menlo-Insig vir meer besonderhede dop.

## OUERBETROKKENHEID

Ouers wat graag by die ouerkomitee betrokke wil raak, kan me. Mariana de Klerk kontak.



# ORKES EN ENSEMBLE

## DIRIGENT EN AFRIGTER

Me. Colleen Maré
083 659 5708
colleen.mare@menlopark.co.za

## ORGANISEERDER

Mnr. Willem Botha
073 040 2485
willem.botha@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies vind in die derde kwartaal plaas – hou die Menlo-Insig vir meer besonderhede dop. Kontak me. Colleen Maré om ŉ spesiale oudisie gedurende die jaar te skeduleer.

## OEFENTYE

| Orkes | Ensemble |
|---|---|
| Woensdae 14:15 – 16:00 | Donderdae 14:15 – 15:00 |

Inligting oor spesiale oefeninge voor optredes sal vroegtydig aan orkeslede gekommunikeer word.

## VERVOER

- Busvervoer na optredes (musikante én hulle instrumente). Eie vervoer na afloop van optredes.
- Busgeld vir optredes buite Pretoria: leerders ontvang inligting vroegtydig.

## KLEREDRAG

| Dogters | Seuns |
|---|---|
| • Eie skoene (swart *pumps*).<br>• Orkesrokkies word teen R150,00 per jaar by die skool gehuur. | • Swart broek (orkeslid se eie)<br>• Swart hemp (orkeslid se eie)<br>• Swart gordel (orkeslid se eie)<br>• Swart skoolskoene (koorlid se eie)<br>• Menlo-orkesdas word teen R100,00 per jaar by die skool gehuur. |

T-hemp vir alle orkeslede: R150,00.

## KAMP

Die orkeskamp vind elke jaar gedurende die eerste naweek in Februarie op die skoolterrein plaas. Dit is *absolut* noodsaaklik dat al die orkeslede die kamp bywoon, want die repertorium vir optredes wat vroeg in die jaar plaasvind, word aangeleer en ingeoefen.

## KOMPETISIES EN OPTREDES

- Prestige-aand
- Menlo-soiree
- Menlo-Kerssangdiens
- Tres Scholarum in samewerking met Hoërskool Waterkloof en Hoërskool Garsfontein
- Pretoria Eisteddfod
- Tshwane Kunstefees
- SASMT-Ensemblekompetisie
- Afrikaanse Kunsvereniging Kunswedstryd

## OUERBETROKKENHEID

Ouers wat graag by die ouerkomitee betrokke wil raak, word versoek om me. Colleen Maré te kontak.



# REDENAARS

## ORGANISEERDER

Mnr. Corné van Wyk
082 494 5702
corne.vanwyk@menlopark.co.za

## UITDUNNE

Uitdunne geskied gewoonlik in die eerste week van Februarie – hou gerus die Menlo-Insig vir meer inligting dop.

Die graad 8's en 9's is eerste aan die beurt waarna die uitdunne vir gr. 10's, gr. 11's en gr. 12's die volgende middag plaasvind.

Tyd: 14:15 – 18:00
Plek: Ouditorium



## OEFENTYE

Oefentye word deur die afrigters aan redenaars gekommunikeer en vind een maal per week plaas. Inligting oor addisionele oefeninge word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.

## VERVOER

Leerders maak van eie vervoer na en van kompetisies gebruik.

## KLEREDRAG

- Menlo-uitgaandrag.

## KOMPETISIES

| Kompetisie | Formaat | Oefentye |
|---|---|---|
| Oppitong-af | | |
| ATKV-Redenaars | Voorbereid<br>Ses sprekers uit gr. 8 en 9 en ses sprekers uit gr. 10 – 12.<br><br>Onvoorbereid<br>Ses sprekers uit gr. 8 en 9 en ses sprekers uit gr. 10 – 12. | Voorbereid (Alle grade)<br>Word deur die onderskeie afrigters aan leerders gekommunikeer.<br><br>Onvoorbereid (Gr. 8 & 9)<br>Woensdae: 14:15 – 16:00<br>Mnr. Corné van Wyk, A104<br><br>Onvoorbereid (Gr. 10 – 12)<br>Donderdae: 14:15 – 16:00<br>Mnr. Corné van Wyk, A104 |
| Van Huyssteens Orators- en Redenaarsfees | ’n Onvoorbereide redenaarskompetisie in Afrikaans, Engels en Tweetaligheid.<br>Daar neem individuele sprekers asook spanne wat uit vier sprekers elk bestaan, deel. | Afrikaans: Individuele sprekers<br>Gr. 8 en 9<br>Woensdae 14:15 – 16:00, A104<br><br>Gr. 10 tot 12<br>Donderdae 14:15 – 16:00, A104<br><br>Afrikaans: Spanredenaars<br>Afrigters reël tye en lokale met spanne.<br><br>Engels en Tweetalig<br>Afrigters reël tye en lokale met sprekers en spanne. |
| Radikale Redenaarsfees | Individuele sprekers | Inskrywingsvorms word by mnr. Corné van Wyk (A104) afgehaal en ingehandig.<br><br>Let asseblief daarop dat die skool slegs inskrywings vir die volgende afdelings hanteer en betaal: Afrikaans, Engels en Tweetaligheid. Enige ander inskrywings word deur die leerders self gedoen en betaal. |

Hou die Menlo-Insig vir inligting met betrekking tot hierdie kompetisies dop.

# DEBAT

## ORGANISEERDER

Mnr. Corné van Wyk
082 494 5702
corne.vanwyk@menlopark.co.za

## UITDUNNE

Junior spanne bestaan uit drie leerders, terwyl senior spanne uit twee leerders bestaan. Ons eie Parkie-debatskompetisie vind in die eerste kwartaal plaas en dien as uitdunne. Die verskillende spanne vir deelname aan ander kompetisies word na aanleiding van die uitslae van die Parkie-debatskompetisie geïdentifiseer.

## OEFENTYE

- Alle spanne oefen een maal per week.
- Oefeninge en lokale word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.



## VERVOER

- Leerders maak van eie vervoer na en van kompetisies gebruik.

## KLEREDRAG

- Menlo-uitgaandrag.

## KOMPETISIES

Conspirito Debat en Redenaars
ATKV-Debatskompetisie
AfriForum Dink of Sink kompetisie

# EGGO

## ORGANISEERDER

Mnr. Hein Brits
082 408 7585
hein.brits@menlopark.co.za

## REDAKSIE

Die Eggo-redaksie bestaan uit joernaliste en fotograwe. Aspirantjoernaliste handig ’n opstel in en word op grond daarvan gekeur. Fotograwe gee hulle name by die Bemarkingskantoor op.

## SPERDATUMS

- Die redakteur en subredakteurs kommunikeer sperdatums aan joernaliste en fotograwe.



# REVUE

## ORGANISEERDER

Mnr. Andrew Mc Geer
081 328 3433
andrew.mcgeer@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies word in die vierde kwartaal gehou. Oudisies vir graad 8's vind aan die begin van die jaar plaas. Hou die Menlo-Insig vir meer inligting dop.

## OEFENTYE

- Dinsdae 17:00 – 19:00
- Woensdae 17:30 – 19:30
- Addisionele oefeninge (indien nodig voor optredes) word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.

## VERVOER

- Busvervoer na en van optredes.
- Busgeld vir optredes buite Pretoria: inligting word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.

## KOSTE

Ledegeld beloop R4 000,00 per jaar en word op die rekening vir buitemuurs gehef. Dit sluit die volgende in:

- Kostuums
- T-hemp
- Rekwisiete en dekor
- Inskrywingsfooie

## KLEREDRAG

- Menlo-sweetpak.
- Dogters: voorsien elkeen hulle eie grimering.
- Elke Menlo-revuelid word aanbeveel om 'n krat met handvatsels aan te koop – die kostuums word daarin verpak, vervoer en gestoor.

## KAMP

’n Revuekamp word vir die einde van die eerste kwartaal beplan. Dit is noodsaaklik dat die kamp deur alle revuelede bygewoon word, want choreografie word aangeleer en ingeoefen. Die koste beloop R800,00 per lid.

## KOMPETISIES

- 8-BEATS Revuekompetisie (Krugersdorp)
- Kaleidoscope Revuekompetisie (Pretoria)
- Allegretto Eisteddfod (Pretoria)
- Lefra Nasionale Revuekompetisie (Carnival City)
- Uitnodigingsoptrede (Emperor’s Palace)
- Menlovaria (AfriForum Teater)

## OUERBETROKKENHEID

’n Ouervergadering word in Januarie gehou waartydens ouers by die ouerkomitee kan inskakel.



# MUSIEKDEPARTEMENT

## MENLO-MUSIEKHOOF

Me. Jeanmari van Papendorp
082 781 7203
jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za

## MUSIEK AS AKADEMIESE VAK

| Praktiese komponent | Teoretiese komponent |
|---|---|
| • Onderrig in die instrument van die leerder se keuse.<br>• Sang kan ook geneem word. | • Teorie.<br>• Musiekgeskiedenis.<br>• Gehooropleiding. |

## VEREISTES OM MUSIEK AS AKADEMIESE VAK TE NEEM

- Leerders kan in graad 8 vir die eerste keer met ŉ instrument begin en musiek as vak neem.
- Die minimumvereiste wat aan die einde van graad 9 bereik moet word om in graad 10 met musiek as vak aan te gaan, is graad 3 in die teoretiese én praktiese komponente.

## INSTRUMENTE

Die volgende instrumente word aangebied (**lesse word in albei genres, ligte musiek en klassieke musiek, aangebied**):

- Klavier en klawerbord
- Viool, tjello en kontrabas
- Dwarsfluit, klarinet, saksofoon, trompet en Franse horing
- Perkussie
- Kitaar (akoesties en elektries)
- Sang

## KOSTE

Indien musiek by die skool geneem word en praktiese lesse by een van die onderwysers van die Menlo-musiek-akademie, geld die volgende afslag:

- Gr. 8's en 9's betaal slegs 50% van die onderrigfooie.
- Gr. 10 – 12 betaal geen onderrigfooie nie.

Kontak die musiekhoof vir ŉ uiteensetting van die fooie.

# ROOSTER

Drie periodes word in (skool)graad 8 en 9 vir teorie, musiekgeskiedenis en gehoor aangewend. Die doel hiervan is om seker te maak dat leerders aan die einde van graad 9 op graad 3-standaard is.

Praktiese lesse word na skool geneem en leerders kan óf by die Menlo-musiek-akademie óf by 'n gekwalifiseerde privaat musiekonderwyser onderrig ontvang. 'n Weeklikse les van 45 minute word vir leerders in graad 8 tot graad 11 vereis en lesse van een uur vir matrikulante.

Leerders wat meer gevorderd as graad 2-standaard is, moet asseblief op die volgende let:

- Leerders kan voortgaan met die vlak waarmee hulle besig is.
- Leerders kan van teorieperiodes vrygestel word om te gaan oefen, mits hulle werk op datum is.
- Leerders kan in die teorieboeke waarin hulle besig is, werk.

Leerders wat eksterne teorie-eksamens wil aflê, kan in die middae (teen 'n fooi) vir gespesialiseerde teorielesse by die Menlo-musiek-akademie inskakel.



# MENLO-MUSIEK-AKADEMIE

AKADEMIEHOOF

Mnr. Lourens de Jager
083 702 8076 / 012 361 7738
musiek@menloprk.co.za

## MUSIEK AS BUITEMUURSE AKTIWITEIT

Die Menlo-musiek-akademie is sinoniem met puik onderrig deur topgekwalifiseerde musiekonderwysers in 'n goedtoegeruste musieksentrum.

Die volgende instrumente word aangebied (**lesse word in albei genres, ligte musiek en klassieke musiek, aangebied**):

- Klavier en klawerbord
- Viool, tjello en kontrabas
- Dwarsfluit, klarinet, saksofoon, trompet en Franse horing
- Perkussie
- Kitaar (akoesties en elektries)
- Sang
- Simfoniese ensemble, saksofoonensemble en fluitensemble

Teorie-onderrig (UNISA en ABRSM) word van graad 1 tot graad 6 aangebied.

## ROOSTER

Lesse geskied een maal per week (buite skoolure) en tye word deur die onderwyser en die ouer gereël.

## KOSTE

Ouers sluit 'n kontrak (een jaar) met die skool en fooie word op die rekening vir buitemuurs gehef. Betaling kan op een van die volgende wyses geskied:

- Eenmalig (aan die begin van die jaar).
- In tien maandelikse paaiemente vanaf Februarie tot November.

Kontak die musiekhoof vir 'n uiteensetting van die fooie.

# EKSTERNE EKSAMENS, KUNSTEFEESTE EN EISTEDDFODS

- UNISA: praktiese eksamens en teorie-eksamens
- ABRSM: praktiese eksamens en teorie-eksamens
- Trinity: praktiese eksamens en teorie-eksamens
- Pretoria Eisteddfod
- Menlovaria
- Afrikaanse Kunstevereniging
- Noorderkuin Kunstefees
- Kraal Kunstefees

# HET JY GEWEET?

Leerders maak met musiektegnologie kennis en leer hoe om musiek met behulp van 'n rekenaar te skryf – 'n reusesprong in die rigting van loopbaankeuses vir leerders wat nie in 'n loopbaan as uitvoerende kunstenaar belangstel nie.



# DIE BLOU TEATER
# DRAMA EN TONEEL

## ORGANISEERDER

Me. Roché van Blerk
081 417 0448
roche.vanblerk@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies vind in die vierde kwartaal plaas en word in die Menlo-Insig gekommunikeer. Hierdie oudisies strek oor twee dae en is spesifiek op leerders in gr. 9, 10 en 11 gemik. Gr. 8-leerders kry aan die begin van die jaar 'n oudisiegeleentheid.

## OEFENTYE

Oefentye word bevestig sodra toneelgroepe gevorm is. Senior akteurs oefen twee keer per week vir twee uur en junior akteurs oefen een keer per week vir twee uur.

## VERVOER

- Busvervoer na optredes. Eie vervoer na afloop van optredes.
- Busgeld vir optredes buite Pretoria: inligting word vroegtydig aan leerders gekommunikeer.

## KOSTE

Koste vir toneel en drama beloop R500,00 per maand (Februarie tot September).

| Ingesluit | Uitgesluit |
|---|---|
| • Inskrywingsgelde (Menlo-toneelgroep)<br>• Kostuums en grimering<br>• Dekor en rekwisiete<br>• Vervoer in Pretoria<br>• Die vervoer van stelle<br>• Afrigting<br>• Blou Teater-oefenhemp | • Registrasiegeld: R500,00<br>• Kamp: R1 600,00<br>• Inskrywingsgelde vir individuele optredes (drama) |

## KLEREDRAG

- Menlo-sweetpak.

# TONEELKAMP

Die Menlo-akteurs kamp jaarliks in Maart. Die doel van die kamp is om tonele aan te leer en in te oefen – dit is daarom noodsaaklik dat die kamp deur al die akteurs en tegnici bygewoon word. Verder word daar mentorgeleenthede geskep en verskeie werkswinkels aangebied.

# KOMPETISIES EN OPTREDES

Toneel

- ATKV-Tienertoneel
- Aardklop Pronk Podium
- FAK Allegretto
- Pretoria Eisteddfod
- Menlo-maskerfees
- Spring-In Eisteddfod
- GROOTtalent Nasionale Kunsfees
- Nasionale Toneelkompetisie – Bellville

DRAMA (Individuele deelname)

- Menlovaria
- Spring-In
- Spring-In Eisteddfod
- Pierneef Kunstefees
- Pretoria Eisteddfod Drama
- GROOTtalent Nasionale Kunsfees
- Blou Teater Spraakprogram

# OUERBETROKKENHEID

Ouers word genooi om by die afsluitingskomitee of die bemarkingskomitee in te skakel. 'n Ouervergadering word jaarliks in Januarie gehou om die jaar te beplan.



# DIE BLOU TEATER
# DANS

## ORGANISEERDER

Me. Elana Heyns
084 583 8277
elana.heyns@menlopark.co.za

## OUDISIES

Oudisies vind jaarliks in die vierde kwartaal plaas en strek oor twee dae. Gr. 8-leerders kry aan die begin van die jaar ’n oudisiegeleentheid.

## FORMAAT

| | | |
|---|---|---|
| *Beginner / Novice Modern-kombinasie* | • Modern / Jazz (groep)<br>• Contemporary (groep)<br>• Lesse: een of twee keer per week. | • Solo / Duet / Trio (opsioneel)<br>• Op aanvraag.<br>• Bespreek tye by me. Heyns.<br>• Beginners tot gevorderde dansers. |
| *Intermediate / Advanced Modern-kombinasie* | • Modern / Jazz (groep)<br>• Contemporary (groep)<br>• Lesse: een of twee keer per week. | Lesse word gebruik vir:<br>• Tegniese oefeninge<br>• Choreografie<br>• Kreatiewe oefeninge soos improvisasie. |
| *Beginner/ Novice Tap* | • Op aanvraag.<br>• Minimum van 6 leerders. | |

## OEFENTYE

Oefentye word bevestig sodra dansgroepe gefinaliseer is. Oefeninge geskied hoogstens twee keer per week vir een uur of een keer per week vir twee uur.

## VERVOER

- Dansers maak van eie vervoer na en van kompetisies gebruik.

# KOSTES

Klasgelde beloop R500,00 per maand.

| Ingesluit | Uitgesluit |
| --- | --- |
| • Weeklikse klasse.<br>• Werkswinkels en ekstra klasse.<br>• Choreografie en afrigting van solo's, duette en trio's. | • Kostuums (word eenmalig aangekoop en vir die jaar se kompetisies en optredes gebruik).<br>• Inskrywingsfooie vir kompetisies. |

# KOMPETISIES EN OPTREDES

- Menlovaria
- D.A.N.C.E International Awards
- American Dance Awards
- Dance Fusion
- SA Dance School Championships
- Menlo-Maskerfees

# OUERBETROKKENHEID

Ouers word genooi om by die afsluitingskomitee of die bemarkingskomitee in te skakel. 'n Ouervergadering word jaarliks in Januarie gehou om die jaar te beplan.

